Die Shack – Misleiding van die Leraars en Skrywers van die Opkomende kerk

Inleiding

The Shack in Afrikaans / *Die Shack*

In feitlik elke boek van die Nuwe Testament word gelowiges gewaarsku teen die verkeerde leringe van valse profete. Dit is ook een van die tekens van die eindtye wat Jesus profeties teen waarsku (Luk.21). Hy voorspel dat baie mense in dié tyd van die waarheid gaan afdwaal. Dwalinge word deesdae blatant deur skrywers en predikers verkondig en dié toestand word verger deur die feit dat baie Christene onder die indruk verkeer dat die Bybel leer dat ons nie mag oordeel nie, terwyl Skrifgedeeltes soos 1 Thess.5:21, 1 Kor.14:29 en Openb.2:2 verklaar dat alles beoordeel moet word. Reeds in die eerste paar jaar van die bestaan van die kerk moes Paulus die Korinthiërs berispe omdat hulle toegelaat het dat *"'n ander Jesus"* en *"'n ander evangelie"* in hulle midde verkondig word (2 Kor.11:4). Vandag is dieselfde ding besig om te gebeur. Om hierdie stelling te staaf sal ons 'n paar voorbeelde uit een van die populêrste boeke wat vandag onder Christene in omloop is, aanhaal.

Die Shack– Herskrywing van die Evangelie

Alhoewel voorstanders van die boek beweer dat dit net as fiksie beskou moet word, word die doel van die skrywer duidelik op die voorblad deur die endossement van Eugene Peterson uitgespel: *"Hierdie boek het die potensiaal om vir ons generasie te doen wat John Bunyan se PILGRIM'S PROGRESS vir sy generasie gedoen het. Dit is so goed!"* Op bladsy 102 van die boek verklaar die skrywer William P.Young ook by monde van die vrou-god, 'n groot, swart vrou, die volgende: "*Die feit dat ek myself aan jou openbaar as 'n vrou, en voorstel dat jy my pappa noem, is maar net om metafore 'n bietjie deurmekaar te krap, om jou te help om nie so maklik terug te val in jou* ***godsdienstige kondisionering*** *nie" (*my beklemtoning). "*Godsdienstige kondisionering*?" – is dit hoe William P.Young Bybelse geloof sien? Het Jesus 'n fout gemaak toe Hy sy dissipels leer bid het: *"Onse* ***Vader*** *wat in die Hemel is?"* (Matt.6:9). Die Griekse woord wat Jesus vir "Vader" gebruik is *Pater* wat deur verskillende gesaghebbende Griekse woordeboeke a "Vader" vertaal word:

Strong's Exhaustive Concordance (3962): "Defines *patēr* as a "father (literally or figuratively...".
Thayer's Greek-English Lexicon: "Provides a detailed definition including a father (natural), the founder of a family/progenitor (ancestor), or God as Father."
Bill Mounce Online Greek Dictionary**:** "Defines *patēr* (πατήρ) as a "father, a male parent or ancestor".
HELPS Word-studies: "Defines 3962 (patēr) as "father; one who imparts life and is committed to it; a progenitor...".
Liddell and Scott's Greek-English Lexicon: "Defines the plural *pateres* as forefathers..."
Vine's Expository Dictionary of New Testament Words: "Lists the word as a primary term for father..."]

Was Jesus se begrip van God as Hemelse Vader ook 'n stereotipe wat verander moes word? Hoe duideliker kan die bedoeling van die boek uitgespel word? Om 'n Bybelse begrip van

Almagtige God as Vader te hê is volgens hierdie skrywer, 'n stereotipe wat nou afgebreek moet word!

Verdraaiing van die Verlossingsboodskap

Hoe verstaan die skrywer van *Die Shack* die beginsels van die verlossingsboodskap? In die boek lees ons dat Mack die littekens op die gewrigte van Papa, die vroulike god, opmerk (Bl.104, 105). Om die wondmerke op sy gewrigte te verduidelik verklaar Papa dat sy (?) nie sou toelaat dat haar seun alleen op die kruis ly nie, sy verduidelik:***"Ons was saam daar"*** (My beklemtoning). Die wondmerke op die gewrigte van die Vader impliseer dat hy saam met sy seun op die kruis vasgenael was. Die hele beginsel van die plaasvervangende versoeningsdaad van Christus op die kruis word dus weerspreek. Young se weergawe van kruisgebeure stem dus gladnie ooreen met wat in die Bybel geskryf staan nie.
Is hierdie siening van die kruisiging maar net beperk tot die verbeeldingsvlugte van 'n misleide individuele skrywer, of is daar iets meer daaragter? Oorweeg wat 'n ander postmoderne skrywer, Alan Jones, in sy boek Reimagining Christianity, skryf: *"The church's fixation on the death of Jesus as the universal saving act must end, and the place of the cross must be reimagined in Christian faith. Why? Because of the cult of suffering and the vindictive God behind it"* (Bl.132). Hy gaan voort en sê: *"Penal substitution was the name of this **vile** doctrine"* (bl.168, My beklemtoning).
In dieselfde trant verwys sommige postmoderne leraars na die ware Evangelie as *"a slaughter house gospel."* Alan Jones is maar een van baie leraars en skrywers wat met hierdie tipe standpunt ten doel het om die Bybelse evangelie te verander. *Die Shack* se weergawe van kruisgebeure stem ooreen met wat Alan Jones te sê het. In kontras met wat hierdie skrywers sê verklaar die Bybel dat Christus ons losgekoop het van die vloek van die wet *"deur vir ons 'n vloek te word"* (Gal.3:13). Om dit te kon doen moes Jesus die plek van die sondaar op die kruis inneem sodat die volle straf vir die sonde op Hom kon neerkom. Die Bybel verklaar: *"...ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom..."* (Jes.53:5) Verder sê die Skrif: *"... **dit het die Here behaag om Hom te verbrysel"*** (Jes.53:10) en God het Hom *"...geslaan en verdruk..."* (Jes.53:4). As Jesus op die kruis moes uitkreun: *"My God, My God, hoekom het U my verlaat?"* (Matt.27:46) dan is dit mos Skrifverdraaiing van die ergste graad om wondmerke op die hande van die Vader te plaas asof Hy ook daar vasgespyker was! Hoe kon Hy ook op die kruis gewees het as Hy die Een was wat die straf uitgedeel het!

Goddelike gedrag

'n Ander aspek van die boek wat 'n mens omkrap is die manier wat die gedrag van Jesus en ander lede van die "drie-eenheid" voorgestel word. Alhoewel die inhoud van die boek fiksie is wonder 'n mens tog waarop Young sy verbeeldingsvlugte baseer. Die Jesus van die boek hou daarvan om vis te vang deur op die water agter hulle aan te hardloop. Vir Hom is dit *"fun."* Saam lag en giggel die drie-eenheid oor lawwe dinge soos byvoorbeeld ou *"clumsy, greasy fingers"* Jesus wat die bak deeg op die vloer laat val (bl.114, 115). As Mack in verwondering hulle staan en aangaap word hy kru deur Papa (Die swart vrou) aangespreek: "*Wel, Mackenzie, moenie net daar staan en borrels hap nie" (*Bl.97). In die Engelse weergawe word hierdie uitdrukking in kru taal uitgedruk – *"Well, Mackenzie, don't just stand there gawkin' with your mouth open like your pants are full"* (b.88). Verstaan u wat

hier gesê word! Nêrens in die geskrifte van die dissipels wat vir ’n paar jaar intiem met Jesus saam geleef het, kry ons enige aanduiding van sulke lawwighede nie. ’n Mens wonder wat in Ou Testamentiese tyd met iemand sou gebeur het wat uit sy eie verbeelding so ’n *“gelykenis”* van die Almagtige God gemaak het? (Eks.20:4).
Volgens my mening ontstaan hierdie ligsinnige voorstelling van Jesus uit die feit dat die skrywer nie verstaan dat die Jesus wat ons vandag aanbid nie meer die vleeslike een is wat vir ’n paar jaar hier op aarde tussen mense saamgeleef het nie. Die Jesus wat ons vandag aanbid is die opgestane, verheerlikte Christus wat in die hemel aan die regterhand van die Vader sit *“bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem kan word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige”* (Ef.1:20,21). So verstaan Paulus dit ook en daarom skryf hy dat alhoewel hulle Christus na die vlees geken het, hulle Hom nou nie meer so ken nie (2 Kor.5:16).
Die apostels het ook geweet Christus is verheerlik en daarom sien ons dat elke preek in die boek Handelinge met ’n respekvolle verwysing na die verrese Heiland begin. Petrus begin sy eerste preek na die hemelvaart met: *“Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het”* (Hand.2:36). So ook sien die gemartelde Stefanus die hemel geopend en die Seun van God in heerlikheid aan die regterkant van Sy Vader (Hand.7:55). Dwarsdeur die Nuwe Testament sien ons hoedat die verheerlikte Christus in eerbied en respek deur gelowiges aanbid word. Vergelyk dié waardige Bybelse beeld met die Jesus waarvan ons in *Die Shack* lees!

Is God aan die mens onderdanig?

Is God aan die mens onderdanig? Sarayu, die boek se voorstelling van die Heilige Gees, druk haar siening van gesag so uit: *“Outoriteit, soos wat julle daaraan dink, is gewoonlik ’n verskoning vir die sterkes om die wat swakker is te maak doen wat hulle wil hê...Ons is baie versigtig om julle keuses te respekteer”* (bl.134). Mack se “gekondisioneerde” siening oor gesag word afgebreek deur aan te hoor dat God geen gesag oor die mens uitoefen nie. Dit is dan ook geen wonder dat Mack verbaas uitroep: “*Hoekom sal die God van die heelal aan my onderdanig wou wees?”* (bl.158). ’n Oppervlakkige lees van die Bybel sal aantoon hoe ’n verwronge beeld van die gesag van God in hierdie boek oorgedra word

Emosionalisme

Emosionalisme word op ’n baie doeltreffende manier in *Die Shack* aangewend om persepsies te beïnvloed. Deur die tragiese verhaal van die moord op “Missy” slaag Young daarin om die emosies van sy lesers diep te raak. Vergifnis kom dan ter sprake. Alhoewel
daar dele oor hierdie onderwerp is wat werklik goed geskryf is en goed klink, is dit ’n tipe vergifnis wat versoening en genesing moet bewerkstellig sonder dat die volle boodskap aangaande die bloed van Christus, wat in die eerste plek as soenoffer tussen God en die mens moet dien, verkondig word.
Alhoewel die hartsnare geraak word moet ons onthou dat die boodskap van versoening en vergifnis nie net tot die Christelike geloof beperk is nie; dit word deur die meeste godsdienste van die wêreld verkondig.

Lyn van Beïnvloeding

Sommige mense probeer die boek verdedig deur te sê dat die skrywer maar net ’n storie geskryf het en geen geestelike of teologiese bymotiewe daarmee het nie. Agter in die boek gee Young erkenning aan onder andere Wayne Jacobson omdat hy gehelp het om die boek vir publikasie voor te berei. ’n Mens kan daardeur die logiese afleiding maak dat hy nogal ’n beduidende bydrae moes gelewer het tot dít wat in die boek staan. Op Wayne Jacobson se webtuiste, *LifeStream,* verskyn daar ’n lys van boeke wat hy sê die meeste bygedra het tot sy geestelike ontwikkeling. Van die skrywers wat genoem word is sommige voorstanders van die nuwe teologie van die opkomende kerk en ander weer bevorder filosofieë van Oosterse godsdienste. Op Wayne Jacobson se webtuiste, *www.lifestream.org,* verskyn daar ’n lys van boeke wat hy beweer hom in sy geestelike ontwikkeling gehelp het. Onder die skrywers wat hy opnoem is daar mense soos Dallas Willard, Jim Palmer en Anne Lamot wat almal beginsels van Oosterse godsdienste bevorder. Dallas Willard, byvoorbeeld, baie onseker oor wat die Bybel oor saligheid leer, verklaar in ’n onderhoud: “It is possible for someone who does not know Jesus to be saved.” *(A Conversation with Eugene Peterson, Mars Hill Review, 1995, Issue no.3, pp. 73,90)*. Anne Lamot se endossement van die boek *Eat, Pray, Love* wat Hindoeïsme bevorder, verskyn op die binne omslag daarvan.
Hoeveel van hierdie skrywers se invloed is deur middel van Jacobson se verhouding met William P. Young na *Die Shack* oorgedra? Eugene Peterson, skrywer van die liberale “vertaling” van die Bybel, *The Message*, en wie se endossement op die voorblad van *Die Shack* verskyn, het die volgende in ’n onderhoud te sê gehad: *“The importance of poetry and novels is that the Christian life involves the use of the imagination, after all, we are dealing with the invisible. And, imagination is our training in dealing with the invisible, making connections...our primary allies in this business are the artists...**Why do people spend so much time studying the Bible?...Christians should be s**tudying it less, not more...I’m just not at all pleased with all the emphasis on Bible study...”* (A conversation with Eugene Peterson, Mars Hill Review, Uitgawe no.3, bl.73-90, my beklemtoning). Hierdie geringskatting van die geskrewe Woord van God resoneer in wat op bladsy 73 van *Die Shack* geskrywe staan: *“God se stem is dus afgewater tot woorde op papier...Niemand wou God in ’n boks hê nie...”*
Vergelyk hierdie negatiewe gesindheid teenoor die Bybel met wat in die Woord self geskrywe staan: *“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”* (2 Tim.3:16,17). Duidelik kan gesien word hoe die gesag van die Bybel as openbaring van God, in *Die Shack* afgebreek word. In teenstelling met die feit dat die Bybel as basis vir ons geloof moet dien en dat daarin verklaar word dat ons deur geloof moet wandel *“...en nie deur aanskouing nie”* (2 Kor.5:7) moet God nou deur sintuiglike ervaring en innerlike belewenisse leer ken word. Voorbeelde hiervan is daar baie in die boek (bl.209-214). Die groot gevaar van *Die Shack* is dat Young woorde uit sy eie verbeelding in die mond van sy fiktiewe god plaas en miljoene liggelowige mense dwarsoor die wêreld ervaar dit as “So sê die Here!”
Met sy hartroerende storie en emosioneel belaaide beskrywings en dialoog, roer ’n boek soos *Die Shack* die verbeelding en emosies van mense. Persepsies word sodoende beïnvloed . Dit gee weer aanleiding tot die vorming van nuwe idees in die koppe van mense. En dit is, volgens hulle eie uitsprake, presies wat die leraars van die opkomende kerk wil doen. Of hulle dit nou so bedoel of nie, is hulle besig om Christene voor te berei om saam met mense van alle gelowe, ’n valse kosmiese messias te aanvaar.
Om te wys hoe groot die vreemde invloed al is, gaan lees maar hoeveel keer word persone soos Thomas Merton en Henri Nouwen, twee invloedryke skrywers wat die mistieke

beginsels van die Oosterse godsdienste bevorder, aangehaal deur sommige leraars van die opkomende kerk. Richard Foster, byvoorbeeld, haal Thomas Merton herhaaldelik in sy populêre boek, *Celebration of Discipline*, aan. ’n Mens is dus nie verbaas om te lees dat Young in sy boek skryf:*“God, wat die grondslag is van lewe, en **in en om alles is**, sal uiteindelik na vore kom...”* (bl.122, My beklemtoning).
Om te glo dat God **in** alles is, is een van die grondbeginsels van Oosterse panteïsme. Die Bybel verkondig wel dat God orals in Sy skepping teenwoordig is, **maar nie dat God in alles is nie** (Ps.137:7,8). Daar is ’n groot verskil tussen om te glo dat God **orals teenwoordig** is en om te glo dat God **in** alles is. Geen wonder dat sommige mense glo dat om ’n boom te omhels ’n vorm van aanbidding is nie! Omdat daar geglo word dat God in almal is verduidelik ook hoekom daar so dikwels verkondig word dat die mens inherent goed is, en dat hy net gehelp moet word om sy innerlike self te ontdek. So verduidelik die Jesus van *Die Shack* aan Mack dat as die uiterlike vervaag, dit wat binne is, die *“real being,”* te voorskyn kom (bl.112). Die ware Evangelie verklaar die teenoorgestelde; *“Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit”* (Jer.17:9). Omdat die ongeredde sondaar sonder die Heilige Gees is, moet Hy eers deur die proses van ’n geestelike wedergeboorte ingenooi word (Openb.3:20).

Universiële Geloofsgemeenskap

Brian McLaren, een van die prominentste leiers in die opkomende kerk beweging het die volgende verklaring gemaak: *“I think our future will also require us to join humbly and charitably with people of other faiths – Muslim, Hindu, Buddhist, Jewish, secularits and others – in pursuit of peace, environmental stewardship, and justice for all people...”* (Christianity Today Online, Onderhoud, Julie 26, 2008). Omdat die Bybel dogmaties verklaar dat daar geen ander weg na die Vader is behalwe deur Sy Seun Jesus nie (Joh.14:6) moet die Evangelie verander word sodat Christene in ’n universiële geloofsgemeenskap aanvaar kan word.
Sal hierdie bloedlose, sondaar-vriendelike, sosiale evangelie iemand van die hel kan red?

Kommentaar van voorstanders van die Boek

Vir dié wat die boek goedpraat en sê dat dit maar net ’n storie is en dat daar geen geestelike of teologiese bymotiewe is nie, wil ons as antwoord aanhaal wat ’n paar vooraanstaande mense voor in die boek daaroor te sê het.

Patric M. Roddy, wenner van ’n Emmy Award toekenning en betrokke by ABC News sê: *“I...understood Father, Son, and Holy Spirit for the first time in my life.”* (Eng. uitgawe, *The Shack)!!*
Mike Morell sê in sy kommentaar: *“When I read it I felt like I was fellowshipping with God.”* (Eng. uitgawe, *The Shack) !!*
Gayle E. Erwin, skrywer van die boek *The Jesus Style* getuig: *“Riveting**...teaching powerful theological lessons**...I was **crying** by page 100”* (My beklemtoning). (Eng. uitgawe, The Shack) !!

Greg Albrecht, redakteur van *Plain Truth Magazine* verklaar: *"...you'll be experiencing God as never before. William Young's insights are...Biblically faithful.." (Eng. uitgawe, The Shack)!!*
Die Afrikaanse uitgawe van *Die Shack* word ook o.a. deur Dr. Isak Burger, President van die AGS voor in die boek aanbeveel met sy woorde *Tolle lege, (Neem, lees!).*
Nadat 'n mens hierdie kommentare gelees het, besef jy hoe ernstig *Die Shack* mense geestelik beïnvloed. **Soos 'n geestelike Trojaanse perd word die vyand van die Evangelie in die sitkamers van baie niksvermoedende Christene ingesleep.**

Slotsom

Die profetiese woorde van Paulus dat daar 'n tyd gaan kom *"wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie...en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot* ***fabels****"* is besig om voor ons oë waar te word (2 Tim.4:3,4, My beklemtoning).
Omdat die betekenis van wat in Galasiërs 5:9, staan so goed in die Amplified Bible weergegee word sal ek dit graag in my slotsom wil insluit: *" A little leaven {a slight inclination to error, or a few false teachers} leavens the whole lump {perverts the whole conception of faith...)*
Net so goed is die vertaling van die waarskuwing in 1 Korinthiërs 3:17: *" If any one does hurt to God's temple or corrupts it with false doctrine or destroys it, God will do hurt to him...For the temple of God is holy ... and that temple you the believing church and its individual believers are..."*

Iets om oor na te dink – wat sal gebeur as *Die Shack*, wat in so baie Christenhuise rond lê, deur 'n naïewe, ontvanklike kind of jongmens, gelees word?

Saam met Judas kan ek u net aanmoedig *"om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is"* (Judas 1:3).

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
E-pos, nickmaartens@hotmail.com